Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 2: Nommer 2 – 17 April 2025

## OUERLEIDING




### Die waarde van grootouers

Grootouers is in baie gevalle 'n verlengstuk van die ouerhuis. Hulle ondersteun die ouers en kan in 'n groot mate by die kinders se opvoeding en aktiwiteite betrokke wees.

Kleinkinders sien op na hul grootouers wat hulle dus in 'n posisie stel om mentors, rolmodelle en helde vir die kleinkinders te wees, maar is ook versorgers en dit is lekker om so af en toe deur 'n ouma of oupa bederf te word.

Die verhouding tussen 'n grootouer en kleinkind, die lewenslesse en ondersteuning wat die grootouer kan bied, is iets wat kinders vir die res van hul lewe as kosbare herinneringe kan saamneem.

'n Ouma en oupa is daar om te bederf en om ekstra liefde en omgee in 'n kind se lewe te saai.

Wanneer grootouers tyd saam met die kleinkinders deurbring, is dit 'n spesiale geleentheid om hegte verhoudings te bou en om deel van hul kleinkinders se ontwikkeling te wees. Daar is al in 'n studie bevind dat 'n kind wat 'n warm, hegte verhouding met 'n ouma of oupa het, geneig is om die lewe se struikelblokke beter te hanteer.

Grootouers weet hoe oorweldigend dit kan wees om ouer te word en hulle wil graag hul kinders ondersteun. Hulle verstaan ook hul eie kind se swakhede en sterkpunte en daarom is hul raad gewoonlik spesifiek en eerlik.

Maak moeite om ouma en oupa ook spesiaal te laat voel en nie slegs in te span as hulp benodig word nie. Skep gesinstradisies soos weeklikse kuiersessies waar daar net gekuier word saam met grootouers en as hulle ver bly om gereeld te skakel of "video" oproepe te maak. Hou in gedagte dat hoe graag oupa's en ouma's wil help dat hulle ook gouer moeg raak en nie altyd die pas van kleinkinders kan volhou nie. Wees sensitief hiervoor.

Grootouers is inderdaad 'n gesin se grootste skat, die stigters van 'n liefdevolle nalatenskap, die grootste storievertellers en die bewaarders van tradisies - die waarde daarvan in ons kinders se lewens moet nooit onderskat word nie.



# DAGBESTUUR




**Met die tema #Be Happy – het ons klem gelê op emosies en wat om te doen om jouself beter te laat voel.**
















Die Dagbestuur wens juffrou Melissa geluk met haar verjaarsdag.



Maroela-media het die Dagbestuur en Lynnieraad genooi om hul nuwe Weet-Toep vrystelling by te woon. Dit is wonderlik om naslaanwerk in Afrikaans te kan doen.






Leonie du Preez het die Dagbestuur kom inspireer hoe om negatiewe gedagtes te verander na positief.



# SPORT

## NETBAL

Die Lynnies se o/10 -o/13 A-spanne het die afgelope naweek na Nelspruit gereis waar hulle saam met die rugbyspelers aan die Nelspruit se Primêre 8 byeenkoms deelgeneem het. Ons spanne het puik presteer en al hulle wedstryde gewen.

Die o/10 - o/13 B - D-spanne het ook onderskeidelik aan die Midstream 8 toernooi deelgeneem by Midstream College. Die B-spanne het teen die A-spanne gespeel. Ons dogters het baie goed gevaar teen sterk kompetisie en het baie geleer, ons is trots op hulle!

Baie geluk aan die volgende dogters wat deurgedring het na die finale rondte proewe wat op 21 April 2025 plaasvind. Hierdie dogters is onderskeidelik graad 7 en graad 6 naamlik: Zané Smith (o/13),
Mieke Snyman (o/12), Jana Whitehead (o/12) en Lumé Ras (o/12).
Ons hou styf duim vas, dogters!

## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIE

**Yshokkie**

Baie geluk aan Divan Pullen in graad 4 wat gekies is vir die Interprovinsiale Gauteng o/12 span en die *Inter Provincial Development Gauteng* o/14 yshokkie span, wat vanaf 29 Mei tot 6 Junie in Kaapstad, Gauteng gaan verteenwoordig.




# KULTUUR

## REDENAARS

Die volgende leerders was uitgenooi na Laerskool Voorpos se Interskole Redenaarsliga.

| | |
|---|---|
| Graad 1: | Henry Miles (**Eerste plek**) |
| Graad 2: | Elle Moodie |
| Graad 3: | Eike Bosch |
| Graad 4: | Neo Senekal (**Tweede plek**) |
| Graad 5: | Isabella de Kock (**Tweede plek**) |
| Graad 6: | Lanike Parsons (**Eerste plek**) |
| Graad 7: | Ayva Potgieter (**Tweede plek**) |

**Die volgende redenaarskompetisie datums vir u gerief.**

- **Kansvatters**

**Skakel:** https://petrusjacobslive.co.za/kansvatter/

**Individue:**
Sluitingsdatums vir inskrywings: 5 Mei 2025

**Spanne:**
Sluitingsdatums vir inskrywings: 23 Mei 2025

- **OppieTongAf**

**Skakel: https://oppietongaf.co.za/**
**Individue:**
Sluitingsdatum vir inskrywings: 16 Mei 2025

**Spanne:**
Sluitingsdatum vir inskrywing: 27 Junie 2025 (skool skryf leerders in, meer inigting op d6 beskikbaar)

- **Radikale Redenaars**

**Skakel:**
**https://sites.google.com/view/radikaleredenaar/afrikaans**

**Individue en spanne:**
Sluitingsdatum vir inskrywings**:** 9 Mei 2025

**Redenaargedagte vir die week:**

*"There's no sense in going to a tournament if you don't believe that you can win it. And that is the belief I have always had.*
*And that is not going to change. "* Tiger Woods

# PERSONEELVERJAARSDAE

**APRIL**

17 Edwin de Waal (intersenfase ass)
20 Izer Sikhota (naskool)
24 Tanya Steyn (pre-prim)
25 Thamson Rapanyane (hekkontrole ass)
+ Zané Wiltz (o/w ass)
26 Chantelle Mattheus (pre-prim ass)
27 Doré Jordaan (naskool)
29 Jean van Loggerenberg (o/w)
30 Amanda J van Rensburg (naskool)
+ Chanelda Stolk (pre-prim)

# GHOLF- EN ROLBALDAG




**Gholfdag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472338202550
**Gholfdag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfHy17zE6LkzbBwo4yOhDBs6oDlCElHFbWkbHCWm6A1bANzxg/viewform?usp=header




**Rolbaldag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472090371552
**Rolbaldag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdowM1e4vBT4cSfsyC8837uvOztxZUHr9blllqJA6lMzcp95Q/viewform?usp=header

# 2025 SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**Kwartaal 2**
VAKANSIEDAE:-

Maandag, 21 April: Familiedag (Publieke vakansiedag)

Maandag, 28 April: Vryheidsdag (Publieke vakansiedag)

Dinsdag, 29 April (Skoolvakansiedag)

Woensdag, 30 April (Skoolvakansiedag)

Donderdag, 1 Mei: Werkersdag (Publieke vakansiedag)

Vrydag, 2 Mei:( Skoolvakansiedag)

SKOOL SLUIT:- Vrydag, 27 Junie

**Kwartaal 3:** **22 Julie tot 3 Oktober**

**Kwartaal 4:** **13 Oktober tot 10 Desember**

## LYNNIES BIDGROEP




**<u>BID VIR LYNNIES</u>**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**

## HOËRSKOLE OPEDAE












## AKADEMIE

### SKEPPENDE KUNSTE

Die graad 6 leerders het gespog met hul kunswerke van verlede kwartaal deur 'n uitstalling te hou vir die personeel en Graad 7 leerders. Hulle het gestem vir die beste 10 kunswerke. Hierdie kunswerke word dan deur die skool ingeskryf vir ATKV se DigiKuns kompetisie.
Ons hou duim vas vir hulle.

<u>Hierdie 10 Graad 6 finaliste is</u>:

Esmé Booysen; Dzunani Mabasa; Iva Thirion; Kadine de Beer; Hila de Vos; Lily Small; Kiana Vivier; Nina Curtis; Isabella Ebersohn en Sanri Opperman





















**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**







**JAGFEES IS HIER!**
**Met jagseisoen om die draai, is dit dié tyd om jou toerusting te kry by Safari Outdoor® se grootste uitverkoping van die jaar.**

**Beskikbaar vanaf 11-27 April by elkeen van ons 7 winkels landswyd, sowel as aanlyn.**

**Droom groter en moenie Jagfees die jaar misloop nie!**
**Volledige katalogus: https://bit.ly/41O6M0M**









Skakel vir meer inligting oor **Maryna Stevenson**: https://g.co/kgs/T8LD61c




Skakel vir meer inligting oor **Leonie du Preez:** https://grolife.co.za/